WEEK 24

11 Junie 2020

DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Die laaste Sapex druiwe is verkoop en ons wag net vir die finale verkoopstate om in te kom en die betalings om gemaak te word. Ons doen more week 12 en 13 verskepingsweke se finale betaling en as alles ordelik inkom, sal ons volgende Vrydag weke 14 en 15 finaal betaal. Dit sal dan die seisoen afsluit.

Die effek van die Covid pandemie is duidelik sigbaar op die verkoopstempos en pryse van die laaste paar weke. Veral die rooi pitloos in losverpakking (4.5kg) het swaar gekry. Onder die omstandighede (die meeste van die markte was in ‘n staat van inperking) en met die kwaliteitsprobleme op van die laat rooi pitloos, is die pryse egter nog binne perke aanvaarbaar.

Ons is besig met die beplanning om terugvoersessies met al die produsente te hou en sal eersdaags in kontak wees daaroor. Beplanning vir die nuwe seisoen sal vanjaar vroeg en deeglik moet geskied aangesien dit nie moontlik gaan wees om te reis en kliënte te besoek nie. Al die beplanning en vasmaak van programme sal dus telefonies en per e-pos gedoen moet word.

Ons hoop om in die nuwe seisoen voort te bou op die suksesse van die afgelope seisoen. Sapex se fokus op geprogrammeerde besigheid na kettingwinkels was baie suksesvol, veral toe omstandighede weens Covid-19 baie moeilik geraak het.

Veilig wees.

Groete.

Sapex Span